

## **Bespreking van Hoofstuk 1-3**

### **Inleiding**

Vergun my om met twee voor die hand liggende vrae in hierdie kring te begin: Wie is dr. Os Guinness? En: Val ons nie in die klassieke apologetiese slagpatroon wanneer ons begin praat oor iets soos die sg. kuns van oorreding nie? Met ander woorde, is ons nie reeds subtiel besig om die werk van die Heilige Gees met tegnieke te wil vervang nie?

Miskien is dit goed om met die tweede vraag te begin. Die antwoord hierop mag dalk meewerk om meer belangstellend te wees oor wie dr. Os Guinness is. Om dan met die deur in die huis te val: Kan ons hoegenaamd van iets soos die kuns van oorreding praat as dit oor die evangelie gaan? Die antwoord hierop is natuurlik dat ons in 'n sekere sin inderdaad hierteen moet waak. Dit erken dr. Guinness ook van harte. Een van die tekste wat hy reeds voor die inleiding van sy werk aanhaal, is dan ook die bekende 1 Kor. 1 waar Paulus dit duidelik stel dat hy nie na die Korintiërs gekom met wysheid van menslike woorde nie. Selfs die titel van sy boek lei hy uit hierdie teksgedeelte af: "Fool's Talk." Goeie apologetiek hou inderdaad rekening met die dwaasheid van die prediking. Dit is egter ook belangrik om te let op 'n ander teksgedeelte in die Bybel. Dr. Guinness haal ook voor die inleiding van sy werk die einde van Prediker aan:

"En behalwe dat die Prediker 'n wyse was, het hy die volk nog kennis geleer en het oorweeg en ondersoek; hy het baie spreuke opgestel. Die Prediker het gesoek om welgevallige woorde te vind en wat reg geskrywe is — woorde van waarheid. Die woorde van die wyse manne is soos prikkels; en soos spykers, diep ingeslaan..." (PREDIKER 12:9-11)

Hierdie teks uit Prediker herinner ons daaraan dat daar ook iets is soos welgevallige woorde; woorde wat voortspruit uit oorweging en ondersoek. Dit is presies hiervan wat hierdie boekie 'n vergestaltung is. Hierdie publikasie span die kroon op 'n leeftyd wat aan die apologetiese bediening gewy is. Wat die werkie besonders maak is dat die skrywer daarop wys dat daar 'n baie spesifieke rede is waarom hierdie werk eers in sy senior jare verskyn. Die rede is dat hy reeds vroeg teenoor God onderneem het om nie oor evangeliese apologetiek te skrywe voordat hy dit nie self deeglik beoefen het nie. Dit bring ons met meer by belangstelling by ons eerste vraag: Wie is dr. Os Guinness?

Dr. Guinness, gebore in 1941 (met ander woorde nou reeds 75 jaar oud), het as die kind van mediese sendelinge grootgeword in China. Tog het hy mettertyd besef dat sy eie gawes nie in hierdie rigting lê nie. Hy het 'n D. Phil aan Oriel College te Oxford gedoen. In die laat sestigs was hy 'n leier by L'Abri, die bekende apologetiese vesting in Switserland wat deur Francis Schaeffer gestig is. Daarna was hy vir 'n tyd lank 'n vryskut joernalis vir die BBC. Later het hy na die VSA verhuis en was by verskeie behoudende instellings werksaam. As Anglikaan was hy lidmaat van die Episkopale Kerk, maar het hierdie denominasie in 2006 verlaat as gevolg van die liberalisme wat vir hom onuithoudbaar geword het en saam met ander behoudendes 'n behoudende Anglikaanse groepering gevorm. Hou in gedagte dat daar iets soos behoudende en selfs gereformeerde Anglikane bestaan. Die bekendste voorbeelde daarvan vir ons is sekerlik die name van J.C. Ryle, J.I. Packer en Dick Lucas (laasgenoemde twee is tans beide in hul negentigerjare), asook die behoudende en Gereformeerde-Anglikaanse instelling, Moore College, in

Australië. Dr. Guinness het homself veral op die terrein van die sosiologie ingegrawe en die bekende sosioloog, Peter Berger, het 'n belangrike invloed op sy denke. Dr. Guinness het reeds meer as dertig boeke geskryf of gehelp redigeer. Van sy bekende werke is *Fit Bodies, Fat Minds* (wat kritek uitspreek teen die megakerk-beweging) en *Prophetic Untimeliness* (wat kritek uitspreek teen die afgod van relevansie). Hy is wêreldwyd 'n gesogte spreker in behoudende kringe en onderhoude en optredes deur hom kan maklik nagespeur word op You Tube en ander bekende stoorplekke.

## **Aanhalings**

Reeds deur die reeks aanhalings voordat die inleiding begin kan 'n mens al 'n idee kry van waaroor die boek gaan. Dit is onmiddellik duidelik dat dr. Guinness diep ingegrawe is die skrywers van die klassieke tradisie wat ook groot invloed gehad het op die Westerse samelewing. Uit die aanhalings is dit duidelik dat die skrywer insien dat dit in oorreding om meer as die menslike intellek gaan. Hy haal onder andere vir Dante aan wat die volgende gesê het: "Die menslike rede, selfs wanneer dit ondersteun word deur die sintuie, het maar kort vlerke." Dit is ook duidelik dat dr. Guinness waarde heg aan die satiriese en komiese effekte wat die evangelie tot gevolg het. Met ander woorde, die verrassingvolle lag van Abraham en Sara oor Isak, sowel as die satiriese lag van die profete oor die afgode, kry belangrike erkenning in die evangeliese benadering van dr. Guinness. Die rede daarvoor is eenvoudig en word reeds in die inleiding gemeld: Die hart van die mens se probleem is die probleem van die mens se hart. Om hierdie hart te roer het jy, deur die krag van God se Gees natuurlik, nie net intellek nodig nie, maar ook satire en komedie.

Dr. Guinness is van mening dat ons altyd moet rekening hou dat God inderdaad deur sy Gees die werk doen, maar dat Hy in sy groot genade ook van menslike middele gebruik maak. In hierdie opsig lewe ons volgens dr. Guinness in onvergelyklike era met geweldige moontlikhede. Om hierdie moontlikhede te benut is daar twee belangrike sake waaraan ons aandag moet skenk as middele in die hand van God. Ons moet die beide die anatomie van die ongelowige hart asook die werking van oorreding beter begryp en in lyn daarmee optree. Dit beteken nie dat God se Gees ons eers inspan wanneer ons dit genoegsaam begryp nie, maar soos wat die prediker opgelei word in die prediking, so behoort ons ook beter opgelei te word in hierdie eeu van apologetiek. Dr. Guinness wys daarop dat almal deesdae apologete vir een of ander veldtog is. Die oorreding vir een of ander produk, diens of saak is aan die orde van die dag. Die saak van Christus is dié apologetiese kwessie by uitnemendheid en in 'n globale era waar elkeen deesdae oral is met behulp van tegnologie en media, vra dr. Guinness of ons gerat is daarvoor. Hy wys daarop dat ons oor die algemeen redelik gereed is om in gesprek te tree wanneer iemand belang stel, maar dat ons net te geïntimideerd voorkom wanneer mense nie omgee vir ons geloof nie en selfs vyandig is. Dr. Guinness is van mening dat ons juis vir sulke omstandighede vanuit die Bybel met meer toegerus word as wat ons dink. Hierop gaan hy in sy boek op treffende wyses in en ons sou sy publikasie kon beskryf as 'n sosiologiese teologie van Christelike oorreding.

## **Hoofstuk een**

Indien iemand nog twyfel of dr. Guinness werklik iets het om met ons te deel, kan ons maar net na sy eerste hoofstuk verwys. Hy lei in met 'n baie aardse en skynbaar onvanpaste voorbeeld. Waarom dr. Guinness met hierdie voorbeeld begin, word later duidelik, maar ek gaan hier sy inleiding baie noukeurig

weergee. Dr. Guinness verwys na die kleurvolle en kontroversiële novelle-skrywer, Norman Mailer, iemand wat nie 'n gelowige was nie en oral bekend was as 'n opperste chauvinis. Mailer is eenmaal genooi om op te tree by die University of California Berkeley. Hy was berug daarvoor dat hy homself publiek verklaar het as die kampioen chauvinistiese vark. Baie vroue was verontwaardig oor die openlike aard van sy sentimente en dan veral dat juis hy na 'n universiteit toe genooi is vir 'n toespraak. 'n Groot groep feministe het dan ook opgeruk na sy lesing om seker te maak dat die wêreld vir hom warm en moeilik gemaak sou word. Hierdie man moes op sy plek gesit word.

Volgens oorlewering was die atmosfeer baie gespanne toe Mailer die podium betree. Hy het egter vol selfvertroue na vore gegaan en meegedeel dat hy belangrike dinge het om te sê en dat die wat wou sis en bohaai maak – “boo” - dit dadelik uit hul sisteme moes uitkry. En toe gooi hy die rooi lap uit: “Elkeen in hierdie saal wat my beskou as 'n manlike chauvinistiese vark, sis.” Asof losgelaat, het die feministe onmiddellik uitgebreek in sis-geluide wat tot 'n crescendo opgebou het, aangevuur deur 'n paar manne wat ook wolffluite uit ander oorde van die saal laat hoor het. Vir 'n tyd lank het pandemonium losgebars, maar teen daardie pas kon dit nie volhou nie. Uiteindelik moes dit onvermydelik begin bedaar en toe tree Mailer weer tot die mikrofoon toe. Vir 'n paar oomblikke het hy stilgebly en toe in woorde, wat ek sal versag, gesê: “Gehoorsame klein vrouetjies, nê?” Vir 'n oomblik was die reaksie in die weegskaal, en toe het baie gelag en hande geklap. Alle aanduidings was daar dat selfs geharde feministe moes erken dat hulle uitoorlê is en hulle het toe baie rustiger na sy toespraak geluister.

Guinness wys hierna onmiddellik daarop dat hy glad nie Mailer se sienings en optrede goedkeur nie; ook dat Mailer selfs uitgesproke teen die Christendom was. Guinness gebruik egter hier die tegniek van vervreemding om die waarskynlik oorbekende op verrassende wyse aan die orde te stel. Hy wys daarop dat die inhoud van Mailer se aanpak nie oorgeneem kan word nie, maar die grondstruktuur daarvan wel. Dit is 'n benadering wat in die struktuur daarvan ooreenkomste met meer as een gedeelte in die Bybel vertoon. Dit is 'n aanpak waar die hoorder, ten spyte van hom/haarself, selfs teen hul beterswete in, so benader word dat hulle ontbloot staan voor hul eie vooroordele. Guinness noem dit “kreatiewe oorreding” en net daarna 'n benadering wat “subversief deur verrassing” werk. Hierdie aanpak is belangrik wanneer jy nie meer in 'n omgewing is wat oop is vir of geïnteresseerd is in die boodskap van Christus nie. Daar is bepaalde historiese en kulture redes hiervoor, sê Guinness, en ons moet eenvoudig hiermee rekening hou en vra watter verrassende perspektiewe die Skrif ook op sulke situasies bied.

Ons het nie nou hier die tyd om in diepte by elke voorbeeld wat Guinness uit die Bybel gee stil te staan nie, maar ons kan wel kortliks verwys na hoe Guinness hierdie saak eien in die lewe van die profeet Miga en die 400 valse profete in 1 Kon. 22:1-28. Miga lei koning Agab onverhoeds in 'n situasie in waar hy, teen sy eie grein in, vra na wat Miga se eintlike en ware boodskap is. Ook in die geval van die onbekende profeet 1 Kon. 20:26-43 word genoem. Hier lees ons van 'n man wat hom laat slaan sodat hy kan maak asof hy 'n wag is wat agtelosig was met 'n krygsgevangene en hom laat wegkom het. Ook hier word koning Agab in 'n situasie gelei waar hy in sy eie woorde 'n oordeel oor homself uitspreek. Die opperste voorbeelde hiervan vind ons natuurlik in die bediening van ons Here Jesus. Dit is juis hier, sê Guinness, dat ons die uitnemend Voorbeeld sien van kreatiewe oorreding. Guinness noem dit heel gepas ook profetiese oorreding en in die agtergrond daarvan sien hy 'n diepe insig in waarom sulke tipe oorreding nodig is en hoe dit werk. Dit is 'n model van Christelike oorreding wat kragtig in die Bybel gebruik was en ook deurlopend in die Christelike eeue gebruik is, maar tans grootliks vergeet is. Dit is belangrik om hiervan kennis te neem, sê Guinness, omdat ons toenemend agterkom dat daar baie mense vandag is wat nie wil glo of wil hoor wat ons sê nie. Ons uitdaging is om hulle te help om daarmee gekonfronteer te word, ten

spyte van hulself. Guinness is van mening dat ons hierdie kuns verloor het en daarom baie prosaïes, eendimensioneel en oneffektief is.

Om hierdie kuns te herwin help ons op twee praktiese maniere. Dit help ons om minder uitgelewer te voel in die hedendaagse konteks waar mense vyandig en bevooroordeel is. Ons kan, ook in ons tyd, enige plek en enige tyd mense oproep om verantwoordelik te wees met die waarheid en hul eie gewetens. Tweedens daag hierdie kuns ons ook uit om meer berekend Christelik te wees in ons kommunikasie. Dit is presies hier waar Guinness 'n baie definitiewe stap neem wat Christelike respek en vertrouwe inboesem. Sy definisie van Christelike kommunikasie behels die volgende: Dit word gevorm deur ons verstaan van God se kommunikasie in Christus aan ons. Guinness is van mening dat ons nie prediking en oorreding van mekaar kan skei nie. Beide die prediking en oorreding moet in inhoud en in vorm aansluit by die groot waarhede waarvan dit uitgaan. Daar is volgens Guinness vyf sentrale waarhede wat die vorm en inhoud van Christelike oorreding bepaal: (1) Die skepping, (2) die sondeval, (3) die vleeswording, (4) die kruis en (5) die Gees van God. Dit is op die uitbou van elkeen van hierdie implikasies waarop Guinness in die volgende hoofstukke ingaan. Dit vorm met ander woorde die ruggraat van die Christelike oorreding wat hy propageer. Dit is daarom belangrik dat ons langer hierby stilstaan sodat ons die x-strale van die struktuur van die boek duidelik voor oë kan hou.

- Skepping: Guinness pas dit veral toe op twee geskape werklikhede waarmee ons rekening moet hou in ons apologetiese optrede; die menslike rede en die menslike hart, wat mekaar natuurlik veronderstel.
- Sondeval: Guinness pas dit veral toe op die anatomie van die ongelowige hart.
- Vleeswording: Guinness pas dit veral toe op die liggaamlike aard van bemoeienis. Dit gaan oor mens-tot-mens en aangesig-tot-aangesig kontak met mense. Hy beklemtoon die feit dat dit geheel iets anders is as argument-tot-argument en formule-tot-formule, media-tot-media en metode-tot metode benaderings.
- Kruis: Guinness pas dit spesifiek toe op 'n oorredingstyl wat pas by die boodskap van die kruis. Die styl moet die stempel van die kruis dra en in ons boodskap gereflekteer word. Vandaar ook die titel van die boek, *Fool's Talk*.
- Die Heilige Gees: Guinness pas dit toe op die feit dat ons dit moet weet en moet ervaar dat ons baie diep daarvan bewus is dat die uiteindelijke deurslag nie deur ons bewerkstellig word nie, maar deur God self en met name deur die werking van die Heilige Gees.

Dr. Guinness is van mening dat hierdie aanslag ons in staat stel om te kan sê dat daar niemand is, hoe vyandig hulle ook al mag wees, waarmee nie in gesprek getree kan word nie. Dit beteken egter dat ons hele benadering geweeksal wees in die pas genoemde basiese waarhede van die evangelie. Guinness wys daarop dat die wêreld wat ons vandag tegemoet tree post-Christelik eerder as pre-Christelik is en as pluralisties, eerder as sekulêr, beskrywe moet word. Die verblydende wat dr. Guinness egter op die tafel plaas, is dat ons met behulp van hierdie evangeliese benadering vrymoedig met enigiemand in gesprek kan tree.

## **Hoofstuk twee en drie**

Nadat Guinness hierdie basiese raamwerk vir bespreking neergelê het, begin hy in sy tweede hoofstuk met sy kritiek teen die era waarin ons leef se beheptheid met tegniek. Ons is daarom selfs in ons

apologetiek maklik geneig om aan Christelike oorreding in terme van tegniek te dink. Die vier geestelike wette waarvan Campus Crusade vroeër in evangelisasie gebruik gemaak het, herinner byvoorbeeld sterk hieraan. Guinness stel onmiddellik die bevrydende perspektief aan die orde dat daar geen beste metode is wat onder alle omstandighede aanbeveel kan word nie. Apologetiek is 'n kunsvorm, eerder as 'n wetenskap. Dit gaan nie oor tegniek nie, maar eerder oor 'n teologie van die kruis wat ons apologetiese benadering onderlê. Dit gaan daaroor dat ons mense op Bybelse wyse benader, eerder as met moderne of postmoderne tegnieke. Om mense Bybels en holisties te benader; dit is wat dit basies beteken om getrou te wees. Maar nou weet ons dat ons dit met meer detail sal moet uitbou. Wat beteken dit presies om getrou te wees? Guinness wys daarop dat die Bybel 'n belangrike plek toeken aan waarheid en rasonale argumente, maar ook aan verhale, drama, gelykenisse, en gedigte. In die Bybel het ons met die boek Romeine, maar met ook die Psalms en gelykenisse te make. Dit gaan daarom nie daaroor om rasonale argumente teenoor byvoorbeeld 'n narratiewe benadering op te stel nie, ook nie om die rede teenoor die verbeelding te plaas nie. Al hierdie dimensies word ingespan. Dit is volgens Guinness een van die redes waarom C.S. Lewis so 'n apologetiese aantrekkingskrag gehad het. Hy het alle vorme ingespan. Guinness beklemtoon dit egter voortdurend dat dit nie gaan oor tegnieke, formules, resepte, of so-maak-mens metodes nie. Christelike oorreding gebeur kruisgewys nie tegniekgewys nie. Ons metodes moet eenvoudig diensbaar wees aan ons boodskap. Daarom moet ons oorreding gevorm word deur die genoemde waarhede van skepping, sonde, vleeswording, die kruis, en die Heilige Gees.

In hierdie hoofstuk begin Guinness om die implikasies van ons skeppingsleer vir die apologetiek te ontsluit. Guinness wys daarop dat dit belangrik is om, in terme van ons geskiedenis, in ag te neem dat die mens se verstand in samehang met die hart deur God geskape is vir oorreding. Dit beteken dat ons ook die emosies moet teiken. Die passies soos begeerte en vrees moet nie verbygegaan word nie. Maar bo alles behoort ons apologetiek steeds gedra te word deur die liefde. Dit word tereg "die finale apologetiek" genoem, sê Guinness. Apologetiek is daarom nie 'n wetenskap nie, maar eerder 'n kunsvorm wat diegene beoefen wat Jesus Christus waarlik liefhet.

In die derde hoofstuk staan Guinness stil by die implikasies van ons sondeleer vir ons apologetiese benadering. Hy wys daarop dat die aanslag wat reeds in die tuine van Eden plaasgevind het, steeds springlewendig in hierdie wêreld is. Op allerhande subtiele maniere word God in die beskuldigde bank geplaas. Guinness som dit so op:

*In short, so long as sin frames God, those who love God have a job to do in the world. We are defenders of the One we know and love.*

Dit het geweldige konsekwensies in ons hele aanslag. Die vernaamste is dat ons daarvan deurdronge behoort te wees dat apologetiek om die eer van God gaan en ook vanaf Hom af uitgaan. Apologetiek is op 'n verkeerde weg as die fokus op ons eie pogings geplaas word op 'n manier wat daarop sinspeel dat alles van ons afhang. Dit is gepas om met die volgende aanhaling aan die einde van hoofstuk 3 hierdie sessie af te sluit:

*"As die Christelike geloof waar is, is dit waar, selfs as niemand dit glo nie; en as dit nie waar is nie, is dit vals, selfs al glo almal dit. Die waarheid van ons geloof staan en val nie met die ons verdediging daarvan nie. "*

Guinness beklemtoon dit baie sterk dat ons God se Gees moet vertrou om die oortuiging te bring en nie onderliggend daarvan moet uitgaan dat vlymskerp logika die eintlike deurslag gee nie. Hy sluit die derde

hoofstuk af met die gedagte dat apologete eerder soos Bileam se donkie is. Ons spreek soms deur God se bekragtiging verbasend goed om die kranksinnigheid en dwaasheid van die gevalle wêreld aan te toon, maar dan is dit steeds God wat die wonder deur ons bewerk. Al is ons pogings gebroke en feilbaar, doen ons wel die beste wat ons kan en met inagneming van hoe die hele Bybel ons hierin lei. Ons doen dit wel nederig in die geloof dat Hy om wie dit eintlik gaan, ons tog wel in sy groot genade inspan om groot dinge vir sy Naam te doen.